09 Sep

Uitgawe 2009/09/09

Global Prayer Alert

'n Weeklikse gebedsgids vir gemeentes, gebedsgroepe en 24-uur gebedswagte.
Vir meer inligting rondom gebed, besoek die webruimtes: www.jwipn.com of www.global24-7.org

Herlewing

Al die eindes van die aarde sal daaraan dink en hulle tot die HERE bekeer, en al die geslagte van die nasies sal voor u aangesig aanbid. Want die koninkryk behoort aan die HERE, en Hy heers oor die nasies. (**Ps.22:27-28**). Dit is 'n wonderlike belofte om aan vas te hou terwyl ons uitreik na al die nasies van die wêreld. Die Here het 'n leemte in ons geplaas wat net deur Hom gevul kan word. Hy verwag van ons om Hom te aanbid, want Sy naam is Jaloers (**Ex.34:14**). ***Vader, ons rig ons harte op U. Ons wil U aanbid in gees en in waarheid.***

Deurbraak : Wet teen mensehandel gewettig

Toe goewerneur Rick Perry die wet van *House Bill 4009* in Texas gewettig het, was dit die eerste staat wat 'n wet in werking gestel het wat mensehandel teenstaan. Die verslag in *Christian Today* vertel dat die wet 'n mensehandel taakmag tot stand gaan bring en polisse en prosedures in plek sal stel om mensehandel te voorkom en ook die vervolging van enige misdaad wat aan mensehandel gekoppel is. Meeste mense dink dat mensehandel altyd in ander lande plaasvind, maar dit gebeur gewoonlik in ons eie omgewing. (E-pos: editor@breakingchristiannews.com, 01/09/09). Indien u meer inligting wil bekom oor mensehandel besoek http://stopthetraffik.org. ***Dank die Here vir die deurbraak in die land. Bid dat soortgelyke wette in die ander state ook gewettig word. Bid vir vroue en kinders met wie gehandel is – vra die Here om hulle van vrees vry te spreek en om 'n weg vir hul te maak om met hul families en vriende te herenig. Bid vir die blootlegging van mensehandel regoor die wêreld en dat God Homself aan leiers van netwerke sal openbaar.***

Bid vir jou gemeenskap : God heers hier

Die hele land wat jy sien, sal Ek aan jou gee en aan jou nageslag tot in ewigheid (**Gen.13:14**). Hierdie belofte is van krag tot hierdie dag. Hoe lyk u gemeenskap? Is dit wat u sien, wat u graag aan die volgende generasie wil nalaat? ***Bid vir jou gemeenskap om God se naam te verheerlik sodat die nageslagte die werke van God sal sien*** (**Ps.145:4**). ***Vra God om diegene vry te spreek om die puinhope te herstel*** (**Jes.58:12**). ***Ons word genoem: die heilige volk, die verlostes van die HERE; die begeerde, die stad wat nie verlaat is nie.*** (**Jes.62:12**).

Suid-Afrika : Misdaad

Die nasionale hoof van die polisie, Kommissaris Bheki Cele, gaan gedurende die week met bestuurders ontmoet om 'n vyf-jaar plan vir die polisie uit te werk. Volgens misdaad statistieke vir die 2007-'08 finansiële jaar het 80% motorkapings, 75% huisrowe, 71% rowery van besighede in Gauteng en KwaZulu-Natal plaasgevind. Meeste Suid-Afrikaners word vermoor in Oos-Kaap, Gauteng, KwaZulu-Natal en die Wes-Kaap. (Webruimte: http://www.news24.com/Content/SouthAfrica/News/1059/01cb767763a343228f116a248675357c/08-09-2009-09-48/Cele_focuses_on_crime_hotspots, 08/09/09). ***Bid dat wyse besluite by hierdie vergadering geneem gaan word. Vra die Here om vir hul wysheid te gee. Bid vir elke polisiewerker en vra God om hul te help om in opregtheid voor God te wandel, vry van korrupsie en ongeregtigheid. Bid dat God se mense sal aanhou bid volgens 2 Kronieke 7:14.***

Internasionaal : Verandering in Japan

Japan se opposisie het historiese oorwinning gehad wat gekoppel is aan die tema 'verandering'. Die nuwe Demokratiese Party van Japan beloof om die ekonomie te herbou en om nuwe lewe in die land te blaas. Gevolglik het die opposisie 300 van die 480 setels gewen en die *Liberal Democrats* uitgestof. Vier-en-vyftig jaar onder dieselfde heerskappy het tot 'n einde gekom en die regering het erken dat dinge skeefgeloop het. Volgens die *Asian Access* het leiers in Japan die land beskryf as ''n super mag sonder 'n morele kompas'. Dit is 'n nuwe verskynsel vir 'n land wat vir eeue gelei was deur morele en geestelike etiek wat uit Sjintoïsme en Konfusianisme spruit. Die ontnugtering is groot vir 'n land wat bekend was vir sy tradisionele weë en kan moontlik baie oop deure vir die evangelie beteken. Sendelinge van *Asian Access* tesame met ander Christene in die land hoop dat hierdie verandering in die regering ook veranderinge op 'n geestelike vlak tot gevolg sal sal hê. (E-pos: editor@prayer-alert.net, 04/09/09). ***Prys die Here vir 'n geleentheid vir verandering in hierdie land. Bid dat elke sendeling hierdie geleentheid sal aangryp om die evangelie te verkondig aan die Japanese*** (**1 Tess.1:5**). ***Vra God om Homself aan owerhede in die regering te openbaar en dat hulle die mense sal lei gebaseer op beginsels uit God se Woord.***

Hierdie gebedskalender is 'n inisiatief van Jerigo Mure Gebedsnetwerk en word moontlik gemaak deur u getroue ondersteuning. Kontak: watch@jwipn.com